

9 April - FONTEIN

Skrifgedeelte: Johannes 7:37-44

Fokusgedeelte: Johannes 7:37

Dit is verskriklik om dors te wees! Mens kan nog vir 'n lang ruk sonder kos klaarkom, maar nie sonder water nie. Vir iemand wat dors is, is daar niks mooier as 'n fontein met helder, suiwer water nie.

In die woestyn was die Israeliete ook ontsettend dors, en daar was nêrens 'n fontein te sien nie. Hulle het geskreeu van die dors, hulle het teen God geskreeu. Dit was verkeerd, want Hy het nog altyd vir hulle gesorg. Al het hulle teen Hom geskreeu, het Hy daardie dag vir hulle 'n fontein in die woestyn gegee en hulle dors geles.

Op die feesdag, wanneer hulle terugdink aan die versorging in die woestyn, roep Jesus dit uit: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!" Jesus praat nie net van water-dors nie. Hy praat van die diepste, diepste dors.

Die fontein wat die heel diepste dors les, waar is dit? Luister na Jesus! Dit is by Hom! Maar Jesus sê meer: elkeen wat sy dors by Hom les, word self 'n fontein.

Ons grootste probleem is die woestyn in ons hart: ons selfsug; ons luiheid om nuttig in die koninkryk te wees. Jesus verander ons hart. Hy maak dit wat 'n woestyn was, nou 'n fontein. Dit gebeur wanneer Jesus die Heilige Gees aan ons gee. Met Pinkster het Jesus die Heilige Gees aan sy kerk gegee. Gelowiges word fonteine.

Jesus stuur gelowiges die wêreld in. Hy stuur fonteine na die woestyne. Daar is baie mense wat dors is, ja, ook daardie verskriklikste dors wat 'n mens kan hê, die dors om nie God as jou Vader te ken nie. God kry baie van hierdie dorstige mense jammer. Hy stuur fonteine na hulle.

Is jy daardie fontein vir die stukkie woestyn waarin Jesus jou neergesit het?

Sing: Skrifberyming 8-1 (14)

Ds D van 't Zand (Witpoortjie)